

## ZXSWB – Aandele Terugkoopprogram

Naam van Uitreiker:	<b>Senwesbel Limited</b>
Land van Inkorporasie:	<b>ZA</b>
Registrasienuommer:	<b>1996/017629/06</b>
ISIN Nommer:	<b>ZAEZ00000026</b>
Aandeelkode:	<b>ZXSWB</b>

### AAANDELE TERUGKOOPPROGRAM

Die Raad van Direkteure van Senwesbel ("**Direksie**") gee hiermee aandeelhouers kennis dat besluit is om gewone aandele in Senwesbel ("**Senwesbel-aandele**") wat op die gelisensieerde beurs, ZAR X, genoteer is terug te koop, via Senwes Capital Eiendoms Beperk ("**Senwes Capital**"), 'n filiaal van die Maatskappy, wat 'n onafhanklike makelaar sal aanstel om die aankoop van die aandele te onderneem. Aandele wat deur Senwes Capital as deel van die program aangekoop word, sal later deur die Maatskappy verkry word, gederegistreer en gekanselleer word en terugval na die Maatskappy se gemagtigde aandeelkapitaal (die "**Terugkoopprogram**").

Ingevolge die Terugkoopprogram sal die prys per Senwesbel Aandeel teen die heersende markprys op ZAR X wees binne 'n reeks van nie minder nie as R5,00 per aandeel en nie meer as R6,00 per aandeel, met 'n gemiddelde prys van R5,80 per aandeel gedurende die termyn van die program. Die maksimum totale bedrag wat bestee sal word tydens die Terugkoopprogram is R15 miljoen, ongeag die aantal Senwesbel-aandele wat teruggekoop is. Die maksimum totale aantal Senwesbel-aandele wat teruggekoop word sal nie meer wees nie as 3% (drie persent) van die totale uitgereikte aandeelkapitaal van die Maatskappy by die aanvang van die Terugkoopprogram.

Die Terugkoopprogram sal in aanvang neem op 12 Maart 2018 ("**Aanvangsdatum**") en eindig op 30 April 2018 met die opsie om kennis te gee aan aandeelhouers om die program te verleng vanaf 1 Mei 2018 tot 31 Oktober 2018 of tot wanneer die totale kapitaal toegewys aan Terugkoopprogram uitgeput is of die maksimum aantal aandele waarvoor die program voorsiening maak, is verkry, wat ookal eerste plaasvind. Die direksie behou egter die reg voor om, na eie goeiddunke, die program vroeër, by kennisgewing aan aandeelhouers, te beëindig.

Alle terugkope wat ingevolge die Terugkoopprogram gedoen word, sal in ooreenstemming wees met artikels 48 en 46 van die Maatskappywet, 71 van 2008, soos gewysig.

Die Direksie is van mening dat die Maatskappy se aandele onderwaardeer is en die Direksie het besluit dat dit geleë is om die Terugkoopprogram te onderneem. Verder word die Terugkoopprogram geïmplementeer om aandeelhouers 'n waarde-ontsluitingsgeleentheid te bied by vrye keuse, terwyl likiditeit in die Maatskappy se aandele verhoog word.

Aangesien die prys-band vir die Terugkoopprogram gebaseer is op die heersende markprys van die Senwesbel-aandele, is die Direksie van mening dat die aanbod om terug te koop redelik en billik is.

Gedurende die Terugkoopprogram sal die koop van Senwesbel-aandele deur die lede van die Direksie en verwante persone van die Maatskappy verbied word.

In opdrag van die Raad van Direkteure.

AE Scholtz  
MAATSKAPPYSEKRETARIS  
Sel nr. 076 212 1776

Klerksdorp  
7 Maart 2018